

BENODIGDHEDE: Ongeveer 150 g wit Coats Tridalia Nr. 5; hekelpen van 2 mm.

MATE: Ongeveer 120 x 40 cm.

AFKORTINGS: Gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; st(e) – steek (steke); rif-kb – kortbeen in riffels, d.w.s., steek hekelpen slegs in agterste lusse van steke van vorige ry of rondte; lb – langbeen; osk – oop skulp (=2lb, 2ks, 2lb) in dieselfde steek of spatie; p(s) – picot(s) (= 3 ks, gs in le van 3ks); herh – herhaal.

AANWYSINGS: Hekel die reghoekige middelstuk en daarna die sierrand van blare.

MIDDELSTUK: Begin met 96ks.

1e ry: (1lb, 3p, 1lb) in 12e ks vanaf hekelpen, *4ks, slaan 4 ste oor, 1kb, 4ks, slaan 4 ste oor, (1lb, 3p, 1lb) in vlg st*; herh tot einde en draai met 7ks.

2e ry: *1kb in middelste picot, 4ks, (1lb, 3p, 1lb) in kb, 4ks*; herh tot einde en draai met 7ks.

Die 2e ry vorm die patroon en word deurgaans herhaal; die picotgroepe sal mekaar dan in elke ry afwissel.

Hekel so-voort tot reghoek 110 cm lank is. Knip gare af.

BLAAR: Begin met 21ks, draai.

1e ry: 20kb in basisketting (d.w.s., 1kb in elke ks), 5ks, 19kb in ander kant van basisketting, (1kb, 2ks, 1kb) in laaste ks. Hekel voort met rif-kb oor 1e kant.

2e ry: *Rif-kb in kb tot 3e kb vanaf einde, 5ks, draai, rif-kb in kb aan ander kant, (1kb, 2ks, 1kb) in sp van vorige ry*; herh van *tot* aan ander kant. Hekel voort en herh 2e ry tot daar 5 stappe aan weersk van basisry is.

Hekel só rondom blaar:

1e ry: *1kb in draai-sp, 5ks*; herh tot punt; (1kb, 5ks, 1kb) in sp aan punt van blaar, dan 3 draai-ks.

2e ry: *1osk in sp, 2ks; herh tot einde.

3e ry: *1osk in osk, 3ks; herh tot einde.

4e ry: [(1lb, 1p) 3 keer, plus 1lb] in osk, 2ks, 1kb in sp, 2ks; herh tot einde.

AFWERKING: Hekel om buitenste rand van vierkant soos volg:

1e rondte: 3kb in elke sp.

Versamelstuk



'N REGTE VOORLOPER!

2e rondte: *4kb, 3ks, slaan 1 st oor; dit vorm 'n soort picotrandjie.

Hekel rondom en knip gare af.

Hekel die blare een vir een en werk elkeen in die laaste ry by onderste punt van blaar aan 'n picot van reghoekrand vas.

Hekel tweede en elke volgende blaar 3 picots vanaf vorige blaar aan reghoekrand vas. Heg blare ook aan mekaar by die middelste 2 picots van oop skulpe soos op foto gesien kan word. ●